



LAERSKOOL WONDERBOOM-SUID

EMIS: 231035, 12e Laan 785, WONDERBOOM-SUID, 0084

☎ 012 331 4142, ☎ 086 772 2314/086 772 2315

e-pos: lswbsoffice@telkomsa.net

Webtuiste: www.lswbs.co.za

Bankbesonderhede: Absa Ben Swartstraat, Takkode 334645, Tjekrekeningnommer 090 980 041

ALGEMENE INLIGTINGSTUK – 2017 (GRAAD 1 – 7)

VERKORTE TOELATINGSBELEID TER INLIGTING VAN OUERS

1. VERKLARING

- 1.1 Die leerder en/of sy/haar ouer/voog moet verklaar dat hulle instem tot en sal saamwerk aan die missie van hierdie skool, naamlik die verskaffing van voortreflike en relevante opvoeding vanuit die eie kultuurmilieu, dit wil sê onderwys met 'n Christelike en breë nasionale karakter wat deur die medium, Afrikaans, aan sy teikengroep voorsien word terwyl erkenning gegee word aan ouerinspraak en die geloofsvryheid van die individu.
- 1.2 Die leerder en/of sy/haar ouer/voog moet verklaar dat hulle aanvaar en hulle daarby neerlê dat Afrikaans (Taal van teikengroep) die onderrigmedium van die skool is.
- 1.3 Die leerder en/of sy/haar ouer/voog moet verklaar dat hulle die relevante kultuur huldig/eerbiedig en dat die leerder daaraan mag deelneem/meedoen indien dit in die skoolbedrywighede beoefen word.
- 1.4 Die leerder en/of sy/haar ouer/voog moet verklaar dat hulle aanvaar en hulle daarby neerlê dat 'n gedifferensieerde onderwys in die skool toegewys word wat beteken dat elke leerder onderrig ontvang wat rekening hou met sy/haar bekwaamheid, aanleg en belangstelling.

2. VOORKEUR-ORDE

- 2.1 Die primêre teikengroep van Laerskool Wonderboom-Suid is die leerders van 'n ouer/voog wat binne die natuurlike geografiese en voorgeskrewe voedingsgebied van die skool woonagtig is en die skool se onderrig-taal verkies, naamlik Afrikaans.
- 2.2 Verdere voorkeur word verleen aan leerders wie se ouers se werksadres in die voedingsarea is, en daarna ander leerders op die grondslag van eerste kom, eerste toegelaat, soos in die toelatingsbeleid bespreek.
- 2.3 Leerders mag slegs op aansoek van die ouer/voog van 'n leerder van die voorafverkreë goedkeuring van die Beheerliggaam of die Hoof, soos deur die Beheerliggaam gemagtig, tot die skool toegelaat word. Die Beheerliggaam/Hoof moet met die aanwysing van sulke aansoeke waak oor die behoud van die tradisionele waardes en etos van die skool asook die beskikbare plek in die skool.

3. REGISTRASIE

- 3.1 Ouers van 'n leerder of leerders wat reeds by die skool ingeskryf is moet voor die einde van Mei van die huidige skooljaar skriftelik vir her-toelating vir die volgende jaar aansoek doen.
- 3.2 Ouers van 'n leerder of leerders wat vir die eerste keer om toelating aansoek doen moet reeds vanaf April en voor die einde van Mei van die huidige skooljaar aansoek doen.
- 3.3 Laat registrasies mag onder spesiale omstandighede toegelaat word, maar moet teen die tiende skooldag van die skooljaar sluit.

4. TOELATINGS-OUERDOM

- 4.1 Ouers van 'n leerder of leerders wat ses jaar oud is en in graad een sewe word moet die vorige jaar tussen April en Mei registreer, soos geregistreer deur die Departement van Onderwys en hul Bestuursplan.
- 4.2 Die volgende riglyne kan toegepas word:
 - word agt in graad twee;
 - word nege in graad drie;
 - word tien in graad vier;
 - word elf in graad vyf;

- word twaalf in graad ses;
- word dertien in graad sewe

4.3 Leerders wat drie jaar ouer as die graad ouderdom is, sal deur die koördinerer van die Hoof van die onderwysdepartement in 'n sogenaamde "fast track" program geplaas word. Sulke leerders word gewoonlik na die volgende graad oorgeplaas. Die skoolhoof moet sulke leerders identifiseer.

4.4 Leerders wat tot die LSEN toegelaat moet word moet in besit van departementele verwysingsnommer wees.

5. KLASGROOTTE SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS VERLANG - VOORSKRIFTELIK

5.1 'n Maksimum van veertig leerders per klas in grade een tot ses.

5.2 'n Maksimum van vyf-en-dertig leerders per klas in graad sewe.

6. DOKUMENTE

6.1 Wanneer 'n leerder by die skool wil registreer en om toelating aansoek doen, moet 'n leerder se ouer **afskrifte** van die volgende dokumente aan die Hoof verskaf:

- Kind se geboortesertifikaat
- Ouers se identiteitsdokumente
- Kind se laaste rapport
- Kind se kliniekaart
- Water- en ligterekening of enige ander dokument wat as bewys vir FICA kan dien
- Indien u huur, die huurooreenkoms
- Mediese fonds kaart indien u daarvoor beskik

Waar enige van daardie dokumente nie beskikbaar is nie, word die leerder vir hoogstens drie maande voorwaardelik toegelaat totdat die dokumente voorgelê is. Na drie maande moet die beheerliggaam in oorleg met die Distriksbestuurder met die betrokke owerhede en die ouer skakel ten einde te poog om die uitstaande dokumente op te spoor. Indien alle redelike stappe deur die beheerliggaam gedoen is om die bewyse of dokumente op te spoor mag die leerder se voorlopige toelating in heroorweging geneem word of teruggetrek word.

7. TOEPASSING VAN DIE TOELATINGSBELEID

Die skoolhoof moet 'n aansoek ooreenkomstig die skool se toelatingsbeleid oorweeg. Indien enige aansoek deur die skoolhoof geweier word, moet die ouer en die hoof van die onderwysdepartement skriftelik van die weiering en die redes daarvoor verwittig word. Die hoof van die onderwysdepartement moet die skoolhoof se besluit of handhaaf, of tersyde stel.

Enige leerder (of sy of haar ouer) wat toelating geweier is, kan binne 15 dae skriftelik teen die beslissing by die LUR appèl aanteken. Die LUR moet binne 15 dae die appèl oorweeg en die besluit handhaaf of tersyde stel. Die ouers van die leerder en die skoolhoof moet onverwyld van die LUR se besluit in kennis gestel word. Artikel 62(1) van die Skolewet verbied 'n LUR om sy of haar appèlbevoegdheid te delegeer.

8. MAKSIMUM LEERDERS

Met toelating van leerders moet met verantwoordelikheid gewaak word dat die maksimum getal leerders wat toegelaat kan word, nie die voorgeskrewe akkomodasie-skedule van die GDO, vir die skool oorskry nie. Volledige inligting word vervat in die skool se toelatingsbeleid.



AANVANGS- EN SLUITINGSTYDE

Die skool begin in die oggend om **07:20** en sluit vir die hele skool om 13:35. Wagklas word geïmplementeer soos volg:

- Graad RR, R en 1 13:00 met wagklas tot om 13:35
- Graad 2 – LSEN 13:15 met wagklas tot om 13:35
- Graad 3 – 7 13:35

Met 'n langnaweek en aan die einde van elke kwartaal sluit die skool soos aangekondig.



SKOOLGELDE

'n Eenmalige verpligte ondernemingsfooie is betaalbaar aan begin van die eerste kwartaal, maar nie later as die einde van Januarie nie. Skoolgelde word bepaal tydens 'n jaarvergadering van die beheerliggaam en ouers en sal teen die einde van Oktober bekend gemaak word.

Skoolfooie is betaalbaar **oor 12 (twaalf) maande, voor of op die sewende van elke maand.**

U kwalifiseer vir 10% korting indien die skoolgeld voor die einde van Februarie ten volle betaal word. Let asseblief daarop dat die ondernemingsfooie nie by dié korting ingesluit word nie.

Skoolgelde moet verkieslik elektronies oorbetal word. Faks of e-pos asseblief **bewys van betaling aan die skool**. Skoolgelde kan ook direk by die bank gedeponeer word. U kan ook 'n aftrekorder by u bank teken sodat die skoolgelde maandeliks direk in die skool se rekening oorgeplaas word. In **alle gevalle** moet u asseblief bewys van betaling na die skool stuur. Die faksnommer is 086 772 2314/086 772 2315 en die e-posadres jenny.l@lswbs.net. As 'n laaste alternatief, kan skoolgeld by die skool in kontant inbetaal word waarvoor u 'n kwitansie sal ontvang. **Gebruik asseblief in alle gevalle die korrekte familiekode as verwysing. Die familiekode verskyn op die rekening wat u ontvang.**



REKENINGBESONDERHEDE

Laerskool Wonderboom-Suid, ABSA Ben Swartstraat, takkode 334645, tjekrekeningnommer 090 980 041



SKOOLDRAG

Skooldrag word te koop aangebied by Totiusdal Handelshuis. Skooltas en sportsakke en alle ander benodigdhede sal ook daar beskikbaar wees. U kan daar kontant, kredietkaart en ook met Pretorium Trust betaal. Hul kan ook vir u kind sy naam op sy tas en sak borduur.

Dogters dra die volgende skooldrag vir die somer: skoolhempie vir dogters, skortjies, kort groen kouse, wit, geel of groen linte, rekkies, knippies of "scrunchies". **Niks anders** sal toegelaat word nie.

Seuns dra die volgende skooldrag in die somer: skoolhempie vir seuns, groen kortbroek, lang groen kouse.

Seuns en dogters dra swart skoolskoene.

Wintersdrag vir seuns en dogters is soos volg: Grys langbroek, langmouhempie, "pullover", langmoutrui, drimac en grys kouse

FISIESE VOORKOMS

- Seuns en dogters se hare moet asseblief netjies gesny word. Indien die dogters se hare lank is moet swart/groen rekkies en knippies gebruik word om die hare vas te maak. Seuns en dogters se hare in natuurlike staat – nie gekleur nie. **Asseblief GEEN kuif in die oë nie en GEEN hare op die krae nie.** Dit geld vir seuns sowel as dogters. Seuns se hare moet geknip word met die ore ook oop en dogters moet hul hare vasmaak sodra dit aan die krae begin raak
- Seuns en dogters se naels, skoon en kort. GEEN naellak! Seuns **GEEN** oorbelle! Slegs seelringe en mediese bandjies mag gedra word.
- Skoolskoene moet skoongemaak en gemerk word.
- Leerders se eiendom, klere, tasse, ens. **MOET ASSEBLIEF DUIDELIK GEMERK WEES.** Die skool neem geen verantwoordelikheid vir enige verlore goedere nie. **GEEN speelgoed nie**, selfone op eie risiko en mag nie gedurende kontaktyd aan wees nie. Speelgoed en selfone sal afgeneem en geberg word tot 'n Vrydag en dan aan ouers oorhandig word indien daar in die klas daarmee gespeel word.
- **Kopluisse** kom periodiek voor, veral baie by die juniors. **Ondersoek gereeld kinders se hare, minstens twee keer per week.** Kontak die kantoor vir raad met die behandeling van die probleem. Indien u kind wel die probleem ondervind sal die leerder huistoe gestuur word totdat die probleem opgelos is.
- Leerders moet asseblief gereeld bad, tande borsel en skoon onderklere aantrek. Die ouer leerders kan gerus maar 'n reukweerder dra of aanrol.
- Leerders moet altyd sneesdoekies byderhand hou.
- Gedurende Vrydae wat leerders huisdrag mag dra, geld skoolreëls steeds op hul fisiese voorkoms. Geen grimering of groot juwele. Geen onvanpaste klere drag of haarstyle nie.

Die versuim om bogenoemde punte na te kom skeep gewoonlik vir alle betrokkenes 'n verleentheid.

ALGEMEEN

ALGEMENE REËLS

- Leerders word in die straat afgelaai en ook opgelaai – so na as moontlik aan voetoorgange. Asseblief **GEEN** motors in die skoolterrein of voor 'n hek of by die voetoorgange nie. Die skoolierpatrollie is daar vir almal se veiligheid.
- Daar mag nie op fietse in die skoolterrein of op stoepe gery word nie. Tydens berging moet fietse met 'n slot vasgesluit word.
- **GEEN** rolskaatse/planke word by die skool toegelaat nie.
- Leerders mag nie op die dak van die skool klim nie.
- Leerders mag mekaar nie op die stoepe jaag nie.
- Leerders mag nie in die toilette kwaad doen of speel nie.
- Daar mag nie met klaskamerdeure gespeel word nie.
- Leerders mag nie klippe of stokke in hulle hande hê of op die terrein rond dra nie.
- Daar mag nie met krieketballe tydens skooltyd gespeel word nie.
- Balspele net op die rugbyveld. **GEEN** boomklimmery nie!!!
- Leerders mag onder **GEEN** omstandighede aan mekaar slaan nie – liggaamlike afknouery en emosionele aftakeling **SAL NIE** geduld word nie.
- Selfone word op eie risiko saamgebring skool toe. **Selfone moet egter vir die duur van onderrig afgeskakel word. Indien die selfoon gedurende onderrigtyd lui, sal dit afgeneem word en in die skool se kluis gebêre word vir 5 skooldae en sal dus eers op 'n Vrydag weer aan die leerder se betrokke ouers oorhandig word. Indien dit wel skool toe gebring word, is dit op eie risiko.** Die skool neem **GEEN VERANTWOORDELIKHEID** daarvoor nie. Alle reëls aangaande die kuberruim geld in alle opsigte.
- Gevaarlike en duur speelgoed moet nie skool toe gebring word nie. Indien dit wel gebeur neem die skool geen verantwoordelikheid vir skade of diefstal daarvan nie.
- Leerders wat eiendom beskadig, handboeke beskadig of verloor, sal daarvoor verantwoordelik gehou word.
- Indien 'n leerder **afwesig** was moet hy of sy 'n **verskoningsbrief** by sy/haar terugkeer inhandig indien dit 2 dae oorskry. Leerders wat hul skuldig maak aan patroonvormende afwesigheid sal by die departement van Onderwys aangemeld word. Leerders wat binne 'n 8 weke siklus weer afwesig is sal ook 'n doktersbrief vir een dag afwesigheid moet indien. Beleid oor leerderaanwesigheid in die SASW word baie streng toegepas.

Vir Graad RR, R, 1 en 2 leerders is daar wagklasse gereël soos hierbo genoem. Die leerders bly in 'n klas onder toesig van 'n personeelid tot om 13:35. Daarna gaan hulle huis toe of na 'n naskoolsentrum. Geen leerder sal in die sorg van 'n nie-ouer toegelaat word sonder skriftelike kennis en bewys van ID nie.

Aktiwiteite waaraan leerders by die skool kan deelneem is atletiek, bulletjie rugby, minikrieket, revue, akrobaat, pottebakery, drama en rekenaarklasse, mini netbal, rugby, krieket, netbal, kunswedstryde en alle projekte wat aangebied word. U betrokkenheid is ons prioriteit.

Omsendbriewe aan ouers word op **Maandae** aan leerders uitgedeel. Finansiële state gaan om en by die 15de van elke maand uit. Al ons inligting is ook op ons webwerf beskikbaar.

TELEFOONNOMMERS VIR BUITEMUURSE AKTIWITEITE

NAAM	NOMMER	KONTAKPERSOON
Akrobaat	082 491 7223	Marinda Gerber
Karate	083 258 0662	Desmond van den Doel
Voortrekkers	072 562 2985	Mona du Plessis
Beverley Hammond Dansskool	073 352 3012/083 227 8141	Beverley Hammond
Skaak	082 497 7599	Louwna Bouwer
Biolink Concentration Centre	083 280 2251	Ina Parsons

WEBWERF

Daar is nuwe inligting en mooi foto's op ons skool se webwerf aangebring. Graag nooi ons ouers en belangstellendes om te gaan kyk op www.lswbs.co.za